Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

april 2024



**Oggendstond**
Lensopening: f4;
Sluiterspoed: 1/15 sekonde;
Fokale lengte: 70 mm

Die foto hierby vertoon 'n paar sake wat die terloopse kyker nie eens sal opmerk nie. Maar let op na, en hieroor gesels ons later nog weer, die verskeidenheid amper-ewewydige lyne in die foto en ook die kleurespel van die naaste rante na die verderes en nog verder weg die wolke in.

Daai is min dinge so opwindend vir fotograwe as om op reis te gaan. Met hierdie maand se uitgawe van Fotografienuus wil ons jou op reis neem met foto's en wenke wat hopelik plesier sal verskaf sonder dat dit jou 'n sent se reisgeld gaan kos. Jy is ook steeds welkom om van jou beste foto's – reisfoto's of andersins – te stuur vir plasing.

Laat hierdie uitgawe van Fotografienuus jou gemœd verlig. Kom reis saam deur Europa met die Orient Express. Kyk in die besonder ook na ons mini-galery waarin Johann Nel ons Namibië tœ neem.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*
*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*
*Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.*

# voorbladfoto

Die voorbladfoto is een van 'n reeks foto's wat gedurende 'n vakansie oor 'n paar dae geneem is met "atmosfeer" of "luim" (Engels: *mood*) as oorkoepelende tema. Die fotografie-genre van hierdie reeks kan beskryf word as landskapfotografie.

Sommige van die ander foto's in hierdie reeks vertoon mis, met min detail, of wolke met meer landskap-detail. Nog foto's in hierdie reeks is maanverligte landskappe met sluiterspoede tot so groot as 1024 sekondes. Jy het reg gelees, 17 minute! Laasgenoemde foto word verderaan gewys en die tegniek word toegelig.

Die voorbladfoto is vroeg in die oggend geneem met die lig sag en die berge helder. Die kleure en verskillende lyne was besonders. Die berge en rante (vier daarvan) se kleurwisseling staan in fotografie-kringe bekend as regressie en dit is een van die hulpmiddels om diepte aan 'n foto te gee.

Die fokale lengte ("zoomwaarde") en die lensopening is eerste ingestel. Daarna is die sluiterspoed met behulp van die liniaal ingestel en gevarieer.

# *Wat is*
# REISFOTOGRAFIE?



Dis vanselfsprekend dat reisfotografie baie wyd is en dit is goed om oorsigtelik daaroor na te dink. Een rowwe indeling is om te onderskei tussen kultuur en natuur, waar met "kultuur" enigiets bedoel word wat deur die mens aangeraak is / word en met "natuur" enigiets waarby die mens geensins betrokke is nie. Hierdie sake kan natuurlik nie noodwendig geskei word nie, soos die foto hierby wys – maar dit is tog goed om daarvan kennis te neem.

Nog 'n rowwe indeling kan die volgende wees: Jy beskou jouself as toeris en neem net onthoufoto's af – hoofsaaklik per selfoon. Of jy beskou jouself as fotograaf en neem onthou- en kreatiewe foto's af – per selfoon waar dit nie anders kan nie, en per kamera. Probeer in elk geval om jou reis met goeie foto's uit te beeld.

In die boek *The book of cities* van Philip Dodd en Ben Donald word kort besprekings gegee van 250 stede van oor die hele wêreld. In die voorwoord tot hierdie boek merk die skrywers die volgende op ten opsigte van hul uitgangspunt (en neem beslis hierdie saak ter harte): "[The book] is not a guidebook. We have not recommended the … best budget hotels, nor hot new restaurants or hip clubs. … Instead we have tried to blend history, topography and architecture with sounds, aromas and vistas and the character of the citizens."

Dit sal goed wees as jy 'n soortgelyke uitgangspunt kan hê met enige fotografie-uitstappie – of dit nou 'n plaas of dorp of stad in Suid-Afrika is, of enige ander bestemming elders in die wêreld. Hê pret!

*Towerlantern Fotografie*
\- april 2024 -

# Reisfotografie

tema & wenke

As beginpunt vir ons gesamentlike reis nœm ons 'n paar reiswenke, onder andere ook wat in die tydskrif *National Geographic* as *Travel Photography Tips* gegee word:

**Reisfotografie is nie net ver reise nie** Dit kan selfs so naby as jou dorp of plaas wees. Die beste œfening is juis om naby te begin.

**Reisreëlings, binne- of buitelands, is baie belangrik** Dink aan nie-fotografiese sake soos paspoorte, visums, finansies, ensovoorts. Dink aan fotografiese sake soos kameras, lense, batterye, ensovoorts.

**Kameratœrusting is belangrik** Onthou om kameras en lense se reeksnommers neer te skryf en om by grensposte jou kameras en lense te verklaar. Kontroleer vooraf versekeringsaspekte.

**Wye kennis van besœkpunte is noodsaaklik** Jy het 'n bepaalde dorp of stad of omgewing in gedagte. Waarom? Wat trek jou? Wat gaan jy besœk? Watter tipe besienswaardighede is daar? Watter soort foto's verwag jy om te kry

**Spesifieke kennis van fotobestemmings is belangrik** Loop rond, bekyk die plek, sien die mense, ervaar die atmosfeer. Maak tyd – al mœt jy vroeër opstaan of later gaan slaap.

**Inœfening is belangrik** Mœnie tevrede wees met die eerste paar foto's van 'n plek of omgewing nie. Beweeg rond, gaan nader, probeer verskillende hœke, gebruik al jou lense.

**Medereisigers is mede reisigers** Hou medereisigers in ag. Die heel ergste wat jou kan tref as jy op reis is, is die stille aanporring van reisgenote. Probeer om dié kwessie vooraf weg te reël.

**Internetgeriewe is noodsaaklik** Dit word sterk aanbeveel dat jy vooraf ook al 'n rekenaarvouer skep met internetfoto's van plekke waarheen jy gaan en dinge waarvoor jy mœt uitkyk.

**Rekenaargeriewe is onontbeerlik** Stoor daagliks jou foto's op 'n rekenaar, eksterne hardeskyf of in die wolke. Maar nie permanent op jou kamera nie!

**Fotografie is die lewe** Geniet dit, alle vlakke en alle smake.

# RIGLYNE VIR REISFOTOGRAFIE

**VOORAF** Reisfotografie is baie wyd – dink maar aan die vroeër genoemde natuur- en kultuur-indeling. Vir hierdie riglyn-aanwysings kies ons naby-dierfotografie. Kyk by die eerste Foto-idees verderaan na 'n foto van 'n Ngunibees. Aanvaar vir hierdie riglyne jy het 'n onderwerp wat naby en stilstaande is. Gebruik verkieslik 'n driepoot.

## TIPE LENS

Gebruik 'n zoemlens en eksperimenteer wat die fokale lengte betref.

## FORMAAT

Landskapformaat behoort goed te werk.

## ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

## WITBALANS

Maak seker van die ligomstandigheid en stel die witbalans daarvolgens.

## FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Besluit op die beste trefpunt in die toneel, waarskynlik die kop (spesifiek die oë of ore) van die dier.

## LENSOPENING

Die lensopening moet groot wees, byvoorbeeld f4, om 'n klein velddiepte te gee.

## SLUITERSPOED

Verstel met behulp van die kamera se liniaal die sluiterspoed totdat die toneel goed belig is.

## FYN FOKUSSERING

Kontroleer tussendeur gereeld die fotoskerpte by die trefpunt.

**LAASTE WENK:** Neem 'n verskeidenheid foto's – selfs by meer as een geleentheid as dit kan.

Towerlantern Fotografie
- april 2024 -

# Maanligfotografie

Die meeste lesers bly waarskynlik in 'n omgewing waar daar ligte snags is. Om dus te sê neem landskapfoto's met slegs die maan as ligbron, grens byna aan die onmoontlike.

As jy egter op reis gaan is daar dalk net iewers die moontlikheid om nagfoto's te neem met die maan as enigste ligbron. Benut so 'n geleentheid. Die foto hierby wys wat jy kan dœn.

Die volgende is belangrike sake om te volg:

- ✓ Stel vooraf vas wanneer die maan gaan skyn teen die datum wat jy die foto's wil neem.
- ✓ Kry 'n stil, veilige plek met so min as moontlik beligting anders as die maan.
- ✓ Gebruik beslis 'n driepoot en maak seker van 'n gelaaide battery vir jou kamera.
- ✓ Maak seker dat jy die kamera met 'n afstandbeheer kan werk; die sluiterspœd gaan langer as 30 sekondes wees.
- ✓ Stel die kamera op B, bulb.
- ✓ Sœk 'n landskaptoneel wanneer dit nog skemer is en fokusseer klaar op 'n ver punt.
- ✓ Kies die grootste moontlike lensopening, byvoorbeeld f4.
- ✓ Begin met 'n fotosessie wanneer dit nog skemer is en gaan voort tot wanneer dit heeltemal donker is.
- ✓ Eksperimenteer met die sluiterspœd – en vergeet van die kamera se liniaal – deur met, sê, 'n sluiterspœd van 5 minute te begin.
- ✓ Verhoog die sluiterspœd indien nodig.
- ✓ Gaan voort en geniet die ervaring wat dalk vir jou nuut is.
- ✓ Stuur jou beste foto's vir ons.



*Lensopening: f5,6;*
*Sluiterspœd: 1024 sekondes (+/-17 minute);*
*Fokale lengte: 30 mm*

# ANKER DIE WOLKE!



Gaan jy op reis, is een van die makliker tonele om te fotografeer wolktonele. En daarvan kry ons so baie in ons mooi land.

Soos met enige ander fotografie-genre is daar egter ook 'n paar sake om in gedagte te hou by die fotografering van wolke. Ons nœm enkele algemene sake.

Besluit wat jy wil afneem, 'n landskap met wolke, of wolke met 'n landskap. Hiermee word bedœl dat die landskap in die eerste geval die hoofonderwerp is, en wolke in die tweede geval.

Besluit, as dit wolke is, wat jy in wolkfoto's wil beklemtoon. Dit kan mooi patrone wees of dit kan mooi kleure wees. In albei gevalle is dit belangrik om met die sluiterspœd te eksperimenteer en veral effens onder te belig. Juis ook met vrœgoggend en laatmiddag tonele.

Besluit of jy bloot net wolke alleen wil afneem of wolke met 'n ankerpunt. Eersgenœmde geval sal ter sprake wees as jy byvoorbeeld foto's neem van verskillende tipes wolkformasies vir identifikasie-dœleindes. Laasgenœmde geval sal ter sprake wees as jy luim of gevœl in jou foto's wil kry.

Hoop hierdie enkele punte help. Die foto wys 'n toneel waar kleurvolle wolke die saak is, maar wat geanker word met 'n voorgrondtoneel sodat die wolke nie net in die lug "dryf" nie.

*Towerlantern Fotografie*


- april 2024 -

# Wat gebeur met jou **VAKANSIEFOTO'S?**

Alle gœie dinge kom tot 'n einde – ook jou vakansie, of dit nou met jou kamera en driepoot was of net met jou selfoon. Hœ ook al, die vraag bly: Wat gebeur nou met jou foto's?

Natuurlik kan jy jou foto's "bêre", sommer op jou kamera of selfoon. En as dit verlore raak? Of as jy iets van jou vakansie vir vriende wil wys?

'n Paar beprœfde wenke kan dalk help:



- ✓ Laai elke dag se foto's af op 'n rekenaar of eksterne hardeskyf.
- ✓ Benœm die vouer met eerder 'n datum as onderwerp, byvoorbeeld 10-04-2024.
- ✓ Sœk elke aand twee of drie beste foto's uit, of verwerk selfs 'n paar. Kopieer dit en stoor dit in dieselfde vouer met 'n titel wat dit voor die res van die foto's sal laat staan. Byvoorbeeld, as die foto se titel IMG1234 is, benœm die foto dan, sê maar, as Foto_IMG1234. Dan gaan staan dit voor die res en jy kan dit maklik weer opspoor.
- ✓ Laastens: Begin sommer van die derde dag af en stel 'n PowerPoint-aanbieding van jou beste foto's saam. Die eerste foto kan 'n "oppad"-toneel wees, soos die foto hierby.

*Towerlantern Fotografie*

- april 2024 -

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Orient Express
*Olieverf, Terence Cuneo*

*Towerlantern Fotografie*
- april 2024 -

# GAAN OP REIS
*saam met Towerlantern*

## ... met die Orient Express

Vir baie van ons ouer lesers sal die naam Agatha Christie (1890-1976) bekend wees. Was sy dan nie bekend vir 'n groot aantal speurverhale, toneelstukke en films nie, waaronder *The Mousetrap* en *Murder on the Orient Express*?

Ons wil jou op reis neem saam met die Orient Express. Wees wel verseker, daar gaan nie 'n moord langs die pad plaasvind nie! Maar ons mœt jou egter waarsku: Dié werklike treinreis kos nie niks nie; inteendeel, jy mœt 'n dikke beursie hê. Reis dus eerder saam met Towerlantern, dit gaan jou niks kos nie, absoluut gratis!

Die Orient Express was aanvanklik 'n luukse trein van die Belgiese firma *Compagnie Internationale des Wagon-Lits (CIWL)* wat Parys (in Frankryk) met Konstantinopel (nou Istanbul) in Turkye verbind het. Dus, ongeveer van noordwes tot suidoos Europa.

Hierdie trein het vanaf 1883 tot 2009 diens gedœn. Dit was vroëër baie gewild by die destydse hoë lui en staan daarom ook bekend as die "koning van treine" of "die trein van konings". Gedurende die laaste paar dekades het treinry egter minder gewild geword en so het die Orient Express, in verskillende gestaltestes, uiteindelik ook tot stilstand gekom.

Daar het egter verskillende ander treinvariasies oor die jare verskyn. Sedert die middel 1970's byvoorbeeld bied 'n aantal spoorwegmaatskappye spesiale ritte aan met gerestoureerde treinwæns van die ou CIWL. Hierdie treine was / is egter spesiale treine wat nie op die normale treinroosters genœm is nie.



Die groot en gœie nuus tans is dat daar aan die begin van 2025 begin gaan word met 'n nuwe, gerestoureerde Orient Express. Hierdie trein is die droom van 'n argitek met die naam Maxime d'Angeac. Beplan dus tog 'n reis.

Die volgende beskrywing word onvertaald gegee om reg te laat geskied aan die oorspronklike teks:

This is the story of a train born from a dream, one that defies time.

Beginning in 2025, The Orient Express will invite travelers to relive the legend aboard 17 original Orient Express cars dating back to the 1920s and 1930s, adorned with exceptional décor – a set of cars formerly known as the 'Nostalgie-Istanbul-Orient-Express'.

Reimagined by architect Maxime d'Angeac, an original design, inspired by the 1920s, was created with the codes of contemporary luxury.

Passionate about history and fascinated by revolutionary artistic movements, whether it be the Italian Renaissance to the Viennese Secession, or Art Nouveau to Art Deco, the architect began his career with the creation of sceneography for Daum and Hermès, in collaboration with the American designer Hilton McConnico.

For the last 20 years, Maxime d'Angeac has taken on prestigious restoration and decoration projects, such as the Maison Guerlain on the Champs-Elysées, breathing new life into all the apartments, castles and private villas that are entrusted to him.

Lees meer hieroor by https://www.orient-express.com/trains/the-orient-express/
Gaan op reis met https://www.youtube.com/watch?v=dfbo52O65Eo
En, vir groot plesier, kyk na die lokfilm van *Murder on the Orient Express* by https://www.youtube.com/watch?v=Mq4m3yAoW8E

# IKOON-FOTO'S



*Raising the Flag on Iwo Jima*

Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) was nie net 'n oorlog tussen twee lande nie – dit was 'n veel meer komplekse saak. Daar was dus veldslæ op verskillende tye en plekke oor die wêreld heen. Van die belangrikste oorlogsgebiede was onder andere Europa, Noord-Afrika en die Stille Oseaan. In laasgenœmde gebied was daar ook die veldslag tussen die Verenigde State en Japan op die Japanese eiland Iwo Jima. Die foto hierby van Jœ Rosenthal verwys na hierdie gebeure in die Stille Oseaan.

**Raising the Flag on Iwo Jima** is an iconic photograph of six United States Marines raising the U.S. flag atop Mount Suribachi during the Battle of Iwo Jima in the final stages of the Pacific War. The photograph, taken by Jœ Rosenthal of the Associated Press on February 23, 1945, was first published in Sunday newspapers two days later and reprinted in thousands of publications. It won the Pulitzer Prize for Photography and was later used for the construction of the Marine Corps War Memorial in 1954, which was dedicated to honor all Marines who died in service since 1775.

https://en.wikipedia.org/wiki/Raising_the_Flag_on_Iwo_Jima

NUUS
*vanaf Towerlantern*

# Towerlantern fotografiekursusse

Towerlantern Fotografie bied 'n verskeidenheid kursusse, plaaslik en aanlyn aan. Ons gee 'n opsomming daarvan:

- ✓ Beginnerskursus waarvoor jy niks vooraf hoef te weet nie en die basiese beginsels van fotografie leer.
- ✓ Gevorderde kursus waarvoor jy 'n basiese kennis van jou kamera-funksies moet hê en dit in nog meer diepte wil beoefen.
- ✓ Spesialiskursus waarvoor jy jou kamera goed moet ken en baie praktiese oefening in kamerawerk gaan kry.

Al hierdie kursusse is tans slegs aanlyn beskikbaar. Al hierdie moontlikhede kan dus enige tyd begin.

Daar is ook 'n selfoonkamerakursus beskikbaar. Dit is ook aanlyn beskikbaar en jy kan dus so gou as nou daarmee begin. Dit kan ook saam met enige van die bogenoemde kursusse gekombineer word.

Doen gerus navraag by johan@towerlantern.co.za





# OP INTERNET GESIEN


Jy is op vakansie en dink dit is nou die tyd om laat te slaap. Nee! Mœnie die goue ure van die dag misloop nie. Jy kan trefferfoto's neem gedurende die eerste uur of twee voordat die son op is totdat dit al 'n entjie hoër is. Net so met die laaste ongeveer een en 'n half uur van die ligdag.

Hierdie foto is geneem deur Stefan Gunnarsson in Swede. Ons het dit raakgeloop by Minimalist Photography (Facebook)

# OP INTERNET GESIEN

Is jy op reis? Mœnie geleenthede misloop om nuwe interessante plekke af te neem nie. Mœnie net in jou hotelkamer bly nie ... loop rond en gaan verken! Stuur gerus jou foto's vir ons en vertel ons meer van jou reis.

Ons het hierdie foto ook op Minimalist Photography (Facebook) gesien. Dit is geneem deur Emilian Blachnio.





# FOTO-*idees*

Idee 1: Neem dierefoto's soos hierdie Nguni-beeste – die beskrywing word gegee by "Riglyne vir reisfotografie".

# FOTO-*idees*

Idee 2: Soek in winkels en restaurante na spesialiteitsitems, soos hierdie byna onbekostigbare koffie, en neem foto's.




Towerlantern Fotografie
- april 2024 -

# FOTO-*idees*

Idee 3: Sœk op jou reise na kleur waar jy nie kleur sou verwag nie.



Towerlantern Fotografie
- april 2024 -

# FOTO-*idees*

Idee 4: Oral in die land of oor die wêreld heen is lekkernye. Maak jou kykers met jou foto's lus daarvoor.



# FOTO-*idees*

Idee 5: Die dorp Howick in die Natalse Middelland is bekend vir sy waterval. Bou 'n versameling op bestaande uit watervalfoto's.



# Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-belewenis met almal te deel.

Jy word dus hiermee uitgenooi. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

## GALERY VAN
## JOHANN NEL, POTCHEFSTROOM

*Mini-galery*

# GALERY VAN
# JOHANN NEL, POTCHEFSTROOM

Gedurende 1967 het ek vir die eerste keer met die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) kennisgemaak.

Daarna, vanaf 1969 tot 1974, het ek gereeld elke jaar 'n skooltœr gereël na Suidwes-Afrika. Dié land kan eenvoudig net beskryf word as 'n fotograaf se droom.

In Maart 2005, om presies te wees 10 tot 29 Maart, het ek weer per geleentheid saam met my neef Isak van der Walt na Namibië gereis. Die besondersheid aan hierdie reis was dat ons tœ 'n "nat" wœstyn beleef het!

Geniet enkele stoppunte van hierdie reis saam met my.

Die galery-aanbieding is soos volg:

- Foto's A en B: Aus-omgewing en die Tirasgebergte met mooi tonele van son en reënwolke.
- Foto's C en D: Stormwaters in die Sesriem- en Sossusvlei-omgewing.
- Foto's E en F: Die berg Dikke Willem en rooi duine in die ligte grœn suide naby Aus.



Foto A

*Johann Nel*



Foto B

*Johann Nel*



Foto C

*Johann Nel*



Foto D

*Johann Nel*



Foto E

*Johann Nel*



Foto F

*Johann Nel*

# VERWYSINGS EN BRONNE

**Orient Express**

- Kunswerk

https://t.ly/5DwjK

- Wikipedia-beskrywing:

https://en.wikipedia.org/wiki/Orient_Express

- Ry saam … (36 minute reis):

https://t.ly/zh-hF